

Sondag 19 April

Dr. Braam Hanekom

1 Petrus 1:3-9

Tussen onsekerheid en sekerheid

Dit lyk of daar groeiende konsensus onder medici is oor die dra van gesigmaskers. Jy beskerm daarmee nie noodwendig jouself nie, maar wel moontlik ander. Jy moet egter die masker reg gebruik en gereeld was. Daarby moet jy nie maskers dra wat moontlik deur gesondheidswerkers gebruik sou kon word nie. Daar word bespiegel oor die moontlikheid dat, wanneer die inperking gedeeltelik opgehef word, maskers, soos in **Tsjeggo-Slowakye**, verpligtend sal wees.

Ek moet sê, dit is nogal 'n vreemde, amper **onwerklike ervaring om mense so met maskers op straat te sien**. Tog is maskers niks nuuts nie. Dit is deur eeue op verskillende maniere gebruik. Van **oorloë tot partytjies**. Van **die kunste tot in operasiesale**. Wat maskers wel doen, is om die identiteit van die draer ten minste gedeeltelik te verberg. Die bekende **Zorro en Phantom of the Opera** is hier goeie voorbeelde. Daar is 'n **fassinierende, misterieuse kant aan maskers** wat mense kan aantrek.

Daar het egter oor tyd ook 'n ander gedagte ontstaan. Dit is dat ons almal maskers dra, sonder dat ons dit fisies dra. Daar word 'n anekdotiese verhaal vertel dat Sokrates jare gelede een aand met 'n lamp die stad ingevaar het en dan van persoon tot persoon gestap het, die lig naby aan hul gesig gebring het en dan terwyl hy sy kop geskud het, uitgeroep het: Ek soek 'n mens, maar al wat ek sien is maskers!

Op 'n vreemde manier sien ons die kulminasie hiervan in COVID-19. Maskers, wat lank vir kuns en pret bedoel was, het nou 'n krampagtige poging geword om ons toekoms te red. Die pad van individualisme waarop ons vir so lank was, het 'n kulminasie gevind in isolasie en sosiale afstand.

Waar laat dit ons? Die onverwagse neweproduk van Covid-19, is dat ons geforseer is om veel **dieper na te dink oor feitlik alles**. Ook oor wie ons is en vir mekaar moet wees. Vir my is die sleutelwoord: **egtheid**. **Jy sien, ons kan sonder maskers rondloop en steeds maskers dra. Ons kan egter ook fisies maskers dra en meer oop vir mekaar wees as wat ons voorheen was.**

Daar is iets kosbaars wat ons steeds met mekaar kan verbind. Ons oë. Ons onderskat dit. Mag ons met 'n liefdevolle lag en 'n deernisvolle kyk in ons oë na mekaar bly kyk. Juis in hierdie gemaskerde dae.

In die dae is daar, ten spyte van die afsondering egter ook dinge wat ons saambind:

Ons geloof in die opgestane Jesus Christus: Kom ons praat met Hom

GEBED

LEES 1PET 1:3-9

Hoe lank gaan die huidige krisis voortduur, hoe lank en in watter vorm gaan die inperking voortduur? Hoe gaan die “normaal” lyk waarna ons gaan terugkeer, of gaan dit ’n “nuwe normaal wees.

Johann Rupert het in ’n artikel wat groot aandag getrek het, gesê dat hierdie beslis meer as ’n **verposing** is. Hierdie is die begin van ’n **totale nuwe ekonomiese en sosiale orde**.

Die ironie is dat baie mense al baie lank sê dat dit moet kom. Dat die bedeling wat ons tot 2019 geken het, nie volhoubaar is nie.

Die stopknoppie is inderdaad nou hard en ferm gedruk. So, hoe gaan die nuwe orde lyk?

Gaan die “nuwe normaal” normaal wees? Het die “ou normaal” nie dalk die krisis veroorsaak nie? Hoe gaan ons in die toekoms reis? Gaan daar minder vliegtuie wees? Hoe gaan ontspanning lyk? Ek weet nie. Sommige optimiste meen die **ekonomie** kan vinnig terugbons. Dit mag so wees, maar ek is nie so seker nie.

Waarvan ek wel seker is, is dat ’n armer, maar eenvoudiger en soberder wêreld, nie sleg hoof te wees nie. *Kan dit dalk ’n mensliker, wyser en meer gelowige wêreld wees?* Kom ons hoop so.

Te midde van al hierdie vrae is daar egter **dinge wat nie verander het of gaan verander nie.** Daaraan moet ons mekaar ook herinner.

Petrus skryf aan die gelowiges in Klein-Asië wat deur ’n tyd van beproewing gaan en hier aan die begin van die brief herinner hy hulle aan ’n paar dinge wat vasstaan, wat nie verander het nie. Ek noem net enkeles:

- **Danksy die opstanding van Jesus Christus het ons ’n nuwe lewe ontvang, maar het ons ook ’n lewende hoop op die toekoms!**

Os Guinness het reeds in 1973 in sy boek, *The Dust of Death*, kritiek gelewer op ’n samelewing wat op soek was na ’n uiterste humanisme en utopie. Hy het dit in werklikheid die **“ontkleedans van humanisme genoem”,** ’n proses wat die mens **nie meer menslik gelaat het nie, maar “naak” en onmenslik**

Waarteen Guinness in 1973 teen gewaarsku het, het in baie opsigte waar geword:

Eerstens ’n **Selfsugtige, identiteitslose en onmenswaardige wêreld.**

Die tweede is die **uitsigloosheid en totale verlies aan hoop op ’n toekoms,** wat ons veral by jongmense sien. **In ons strewe na ’n volmaakte toekoms het ons die toekoms verloor.**

In so 'n wêreld kom herinner Petrus ons van 'n lewende hoop op dit wat vir ons wag.

- **Julle word veilig bewaar vir die saligheid wat kom**

Ons lewe tans in 'n wêreld waar **ons angstig die stygende dodetal volg** wat daagliks deur die media aan ons voorgehou word. Ons sien op TV hoe mense in **massagrafte** begrawe word **en krimp inmekaar** net by die gedagte dat ons ook dalk 'n **geliefde** in hierdie tyd in onnatuurlike omstandighede, so anders as wat ons gewoon is, sal moet begrawe. Ook hier kom Petrus ons herinner aan nog iets.

Julle word veilig bewaar vir iets meer en groter.

Ek wonder of die krampagtige paniek wat ons regoor die wêreld sien, nie te doen het met die feit dat die mens gedink het hy is in beheer nie en nou voel dat daardie beheer verlore is nie. In 'n wêreld waar **die lewe na die dood nie** iets is waarvoor mense eintlik meer praat nie, word ons noodwendig **daarmee gekonfronteer . . .** en baie weet nie hoe om dit te hanteer nie. En ons sien krampagtige spanning . . .

Wees bly as julle 'n kort tydjie deur beproewing moet gaan... want dit toets die egtheid van julle geloof

Onthou, julle geloof is **meer werd as goud.**

Een van die groot gesprekspunte onder mense is of ons nie maar die **virus sy loop** moet laat neem nie en so die **ekonomie** moet red nie. *Die ekonomie is alles, het die mantra van ons tyd geword! Selfs meer as die lewe self?*

Interessant hoe perspektiewe tussen ryk en arm mense hieroor verskil!

Ek hoor 'n ekonoom nou die dag op die radio sê: *"Ons moet tog onthou dat alles wat goed is uit groter rykdom en welvaart kom."* Regtig?

Moet my nie verkeerd verstaan nie. Ek verstaan die kompleksiteit en sê al geruime tyd dat die president se belangrikste en moeikste keuses nog gemaak moet word.

Petrus se daar is iets wat belangriker is as goud: Ons geloof! En dit word juis gevoed en gelouter deur tye van beproewing. Vir die vroeë gelowiges was dit letterlike vervolging. Vir ons is dit anders . . .

Hoe anders was Paasnaweek nie vanjaar nie. **Die kerke was gesluit maar die gordyn was steeds geskeur** en ons het 'n toegang tot die Vader ervaar wat so besonders was.

- **En dan eindig Petrus: Onuitspreeklike blydschap is moontlik deur te glo in Hom wat julle nie kan sien nie.**

Daar is iets wat in ons binneste kan groei: 'n Blydschap en vrede kan groei wat alles kan oortref.

Juis in hierdie dae!

Dit is 'n tyd vir **stilword, nadenke, lees, gebed** en veel meer.

Gaan die nuwe normaal baie anders wees as die vorige normaal? Ek hoop en glo regtig so!

Ek weet egter dat dit nie sleg hoef te wees nie, omdat daar dinge is wat nie sal verander nie. Dalk is die nuwe normaal juis 'n tyd waar ons die **ou, onveranderlike waardes en beloftes weer herontdek.** Dinge wat ons verloor het.

Mag die opstanding vir julle voortleef. Elke Sondag, elke dag en tot in alle ewigheid.
Mag 'n virus wat ons nie kan sien nie, NIE die beloftes van God vir ons wegneem nie.
Mag ons geloof in Hom wat ons ook nie kan sien nie, ons wel vervul met onuitspreeklike en heerlike blydschap

Amen